

Skriflesing: 1 Kronieke 4:1-10Teks: **1 Kronieke 4:9-10**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 40:2,3****TYDENS EREDIENS- Ps. 107: 1,7; Ps.105:1,6; Ps. 118:10,14; Ps. 104;1,14,20,21****1 Kronieke 4:1-10****1Ch 4:1** Die seuns van Juda was: Peres, Hesron en Karmi en Hur en Sobal.**1Ch 4:2** En Reája, die seun van Sobal, was die vader van Jahat, en Jahat van Ahúmai en van Lahad; dit is die geslagte van die Soreatiete;**1Ch 4:3** en dit is die seuns van Etam: Jisreël en Jísma en Jidbas; en die naam van hulle suster was Hasselplóni.**1Ch 4:4** En Pnuel was die vader van Gedor, en Eser die vader van Husa. Dit is die seuns van Hur, die eersgeborene van Éfrata, die vader van Betlehem.**1Ch 4:5** En Asgur, die vader van Tekóa, het twee vroue gehad: Hélea en Náära;**1Ch 4:6** en Náära het vir hom Ahússam en Hefer en die Temeniete en die Ahastariete gebaar. Dit was die seuns van Náära.**1Ch 4:7** En die seuns van Hélea was: Seret, Jesóhar en Etnan.**1Ch 4:8** En Kos was die vader van Anub en Hassobéba en van die geslagte van Ahárhel, die seun van Harum.**1Ch 4:9** En Jabes was meer geëerd as sy broers; en sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar.**1Ch 4:10** En Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat my geen smart tref nie! En God het laat kom wat hy begeer het.**Skriflesing:** 1 Kronieke 4:1-10Teks: **1 Kronieke 4:9-10**Sing- **Ps. 107: 1,7; Ps.105:1,6; Ps. 118:10,14; Ps. 104;1,14,20,21**

Jabes se gebed. Broeder en suster, langer as 20 jaar terug is daar baie oor hierdie gebed

gepraat en geskryf. Daar het nou weer baie jare verbygegaan. So baie dinge het intussen in ons land en sekerlik ook weer in ons lewens verander. Die tyd stap aan, ons lewens stap ook aan. Kom ons tog weer die deel in God se Woord vandag oopmaak en hoor wat die Here vir ons uit hierdie besondere gebed laat hoor. Dit is 'n gebed so mooi, vol van inhoud, kom ons mekaar weer wil wat het Jabes in besonder van die Here gebid. Eerste kyk ons na die merkwaardige vorm van hierdie gebed. In die tweede plek, die besondere inhoud van hierdie gebed. In die laaste plek die gebed wat wonderlik verhoor is.

Die merkwaardige vorm van die gebed:

Ons lees hierdie 2 verse in 'n gedeelte in God se Woord waar daar seker vir omtrent 4 of 5 hoofstukke aanmekaar met geslagsregisters en nogmaals geslagsregisters gewerk word. Vir baie mense is dit eintlik maar lyste en lyste name wat dor en droog kan wees omdat die name eintlik net te veel is, families is te baie, alles in net te oorweldigend. Baie mense sal sulke registers in God se Woord maar net so vinnig daardeur lees, om eintlik nie weer dáárby vas te steek nie.

Tog kan ons nie anders as om by hierdie een naam tussen baie name vas te steek en ons lees nie net die naam Jabes nie, maar ons lees onmiddellik dit wat dalk biografies genoem kan word, maar tog is dit weer baie meer as net biografies. Ons lees in die onmiddellik Jabes was meer geëerd as sy broers. Dadelik die vraag- waarom die groter eer?! Ons lees in die onmiddellike dat sy ma het hom die naam van Jabes gegee... Jabes is 'n woord wat wys op seerkry, op trane, op baie smarte. Ander sê weer die naam Jabes beteken DROOG, droogte wat natuurlik ook maar teken is van ellende en swaarkry. Dis duidelik die ma van Jabes wie ons nie weet wie sy pa is nie, het die kind met smarte die wêreld ingebring... was dit dalk oor sy pa, was dit dalk oor daar baie swaarkry in die huis was, was dit dalk omdat dit 'n moeilike geboorte was, wat sy ma baie swaarkry veroorsaak het. ons weet eenvoudig nie. Hy was vir haar 'n smartekind, wat sy ma oor sy lewe laat spreek het- *Ek het met smart gebaar...*

In 'n sekere sin soos wat naamgewing maar vroeër gewerk het, het die ma verwag die kind sal hierdie smarte voortsit. Ouers het mos hulle kinders name gegee met die betekenis van die kind gaan sy naam gestand doen. Name dra nie net betekenis nie, maar het hulle geglo die betekenis dra 'n lewe daarmee saam. 'n Mens sal maar baie keer word wat jou naam is, soos toe Noag gebore is, het sy ouers hom Noag genoem, want het hulle geglo hy is die een wat ons sal troos. Petrus, Petra, die manlike en vroulike van hierdie woord wat weer iets van 'n rots moet weergee. Jabes se geval is dit 'n hartseer naam, daar is die smartekind, as sy maatjies hom later sien, hy wil dalk saam met hulle gespeel het, dan is dit seker elke keer hard om te moes hoor, jy is 'n smartekind. Dit val dan op as ons net-nou by die inhoud van die gebed kom, is die gebed nie net 'n omkeer van sy naam nie, maar hy vra die Here in besonder *mag geen smart my tref nie...*

Wat ons egter moet opval vóór ons nog die gebed in sy inhoud hanteer is dit tog of daar iets kortkom. . Hy vra daardie 4 of 5 dinge van die Here, dit word eenvoudig af geëindig en dan direk daarna *God het laat kom wat hy begeer het...* 'n Mens sou kon verwag moes Jabes nie as hy hierdie mooi dinge van die Here vra, daar darem net nog 'n sin of wat ingevoeg moes gewees het. As u my hierdie dinge gee, dan sal ek weer vir U o Here dit gee, of ek sal dit doen, of my lewe sal daarheen beweeg. Ons lees niks van so iets nie.

'n Ander aspek wat mens dalk ook oor hierdie gebed laat wonder is die saak van dankbaarheid. Moes hy dit darem nie duideliker gemaak het hoë dankbaar hy teenoor die

Here sal wees as die Here hom hierdie dinge gee wat hy hier van die Here vra nie Hoekom klink dit of hier nie dankbaarheid ter sprake is nie?!

Dankbaarheid is tog iets wat baie mense sal sê dit moet daar wees. Ja, geliefdes, oor dankbaarheid kan daar sekerlik baie uitgebrei word, wat lyk in die gebed nie na vore kom nie.

Kom ons by die vorm van die gebed dit duidelik raaksien. Hierdie besondere vorm van die gebed is juis dalk só geskryf dat daar ook anders na dankbaarheid gekyk moet word. God verhoor nie gebede omdat mense kon aandui hulle sal genoeg dankbaarheid in die verhooring van ons gebede na vore kan bring nie. God verhoor nie gebede omdat Hy wat God is weet ek sal wel genoeg dankbaar wees as Hy wat God is, my wel verhoor nie. Ons besef dat God, Hy wat in Christus ons Here is, Hy luister in Christus na ons. God luister alleen in Christus na ons sonder dat ons as mense enige iets voor Hom kan verdien. Dit sal baie verkeerd wees om te dink God het Jabes se gebed op grond van wie Jabes is en wat Jabes aan God kon belooft dat God hom op grond van hierdie dinge wat hy weer vir God kon doen, verhoor het.

God stel nie voorwaardes, julle moet eers so 'n groot getal wees, julle moet eers iets van julleself bewys het, julle moet darem kan toon julle kan iets verdien voordat God na ons sal wil luister. Niks hiervan nie. Jabes se gebed toon, hoe ons werklik niks kan verdien nie, 'n smartlike seun met 'n smartlike ma, in droogte ontvang en gebore, ja Jabes toon aan ons, hoe ons dankbaarheid op geen wyse as verdienste gereken mag word, wanneer ek God in gebed nader nie. Laat ons dan uit die merkwaardige vorm van die gebed nou wil oorbeweeg...

Na die besondere inhoud van die gebed:

Jabes is wel anders as sy ma. Sy ma het nie in haar smart na God geroep nie. Trouens dit wil lyk sy het dit nie gedoen nie. Sy het haar smart, haar nood maar gewoon uitgeroep, nie spesifiek met God daarvoor gepraat nie. Terwyl die gebed van Jabes heel anders is. Hy praat met God. Hy weet God kyk na my.

Hierdie Jabes se ma, as sy tog maar ook mooi na haar kind se gebed kon luister! Hy aarsel nie om groot dinge van die Here te vra nie. Ryke seënninge, al hoe groter en meer grond, God se hand moet altyd oor sy lewe wees, laat geen onheil my tref nie, ek wil nie 'n smartekind wees, dit wat my ma gesê het, ek is dit nie.

Ons mag dalk dink geliefdes, hy is oormoedig, hy is darem net te gretig om al hierdie dinge van die Here te wil vra. Soos ons kon wonder is hy nie dankbaar genoeg nie, wonder ons nou weer is hy nie te gretig nie. Laat ons weereens versigtig wees, wie mooi hierna kyk laat Jabes se gebed en God se beloftes aan Abraham mekaar vierkantig in die oë kyk. Die vierkant van alle oë wat natuurlik in Christus sy volle betekenis kry. Dan is hierdie geen oorgretige gebed nie. Intendeel God het aan Abraham 'n groot nageslag belowe, ryke seëninge was God se belofte aan Abraham, God het Abraham selfs 'n eie land en groot grondgebied belowe. God het Abraham hoeveel keer beskerm in Egipte of waar ook al.

Daarom is Jabes se gebed waarlik in die beloftes van die verbond ingebed. Heeltemal binne die grense wat God beslis wil hê ons hierdie dinge van Hom mag vra. Ja, laat ons netnou se dankbaarheid en nou se ootmoed met mekaar in verband bring. Ek wil dit prakties probeer vergestalt. Ons leef in 'n land waar dinge in groot kontraste lê. Ons logika wil ons dalk vertel ons land is werklik besig om heeltemal onder te gaan. En dit is waar, polities met die korrupsie en die vraatsug daarmee saam, om die staatskas te wil leegmaak staan skreiend. Watter skelmstreke en politieke magspel mense ook al wil speel, wat eintlik baie min van hulle enige behoorlike idee kan vorm van wat dankbaarheid moet wees, kan ons ons afkeer nie genoeg beklemtoon nie.

Tog wil ek in die Jabes gebed hierdie grote wonder net nog weer raaksien. Ons lees nie van Jabes se ootmoed nie, ons lees nie van sy dankbaarheid nie, maar ons lees wel van hoe geseënd hy was. Hy het wel met God se verbond in sy agterkop kon bid, met vertroue in sy voorkop het hy bly bid. Ongeag wat die uitkoms daarvan ook mag wees, om op te hou bid sal hy nie... Meer as al sy broers, baie meer geseënd as sy ma, word hy geteken. Wat moet ons hieragter lees. God se genade en God se genade alleen. Moet beslis nie die sukses in ons gebede gaan soek nie, maar wees oorstelp in wat God kan doen, al skiet ons so vêr tekort! Mag dit in alles, in ons kerke, in ons families, in ons huise, ja waar ook al ons onself bevind, moet daar eintlik monumente staan nie met ons name daarop nie, maar die klippe moet dit uitroep soos daardie klip in 1 Samuel 7- waar daarop geskryf staan- Ebenhaeser- *Tot hiertoe het die Here ons gehelp...*

Samuel het baie terugslae en baie beproewinge en smarte moes deurgaan. Dit sedert Eli en sy seuns. Sy volk het vanweë hulle afvalligheid en ongeloof in duisende verval, oorloë met die Filistyne het hulle afgemaai. Vir lank was die ark van Israel verwyder, weg van hulle,

vanweë hulle sondige en verkeerde arkbekouing, wat in ons tyd net sowel in 'n verkeerde kerkbekouing kan manifesteer. God gebruik die heidene om sy volk te straf. Koeie, gewone melkkoeie met hulle kalwers kan meer gehoorsaam wees as mense wat veronderstel is om God te ken en God te dien.

Samuel leef deur al die dinge, tussen al hierdie afvalligheid en terugslae moet hy staande bly. Dan kom 1 Sam 7- die volk van God het na God begin terugkeer, daar is bekering gewees, hulle vra uit harte wat diep is en harte wat baie seergekry het dat die Here ons moet help. Alleen die Here kan ons red. En dan kom die Filistyne weer, maar hierdie keer kry hulle 'n vernietigende drag slae. Hulle wat Israel so kon laat ly, nou word hulle gestraf. Na hierdie veldslag is Samuel se woorde, die woorde op daardie klip tussen Mispa en Sen opgerig is en daarop is geskrywe Ebenhaeser – ja Samuel kan dit sê wat Jabes ook sou sê- *Tot hiertoe het die Here (ons) gehelp...* tot hiertoe het die Here my gehelp.

Ons het sekerlik nie nodig om te weet of Jabes genoeg dankbaarheid betoon het vir wat God hom mee geseën het nie. God beskou dit nie nodig dat ons dit moet weet nie. Ons hoef dit nie te weet nie. So hoef niemand ook te weet wat u en ek in ons harte voor God wil gee, as God ons reeds so ryklik geseën het nie. Iemand noem dit, hier werk ons met 'n blanko formulier. Dat daar wel rede tot groot dankbaarheid moet wees, laat niemand daarvoor twyfel nie. Veral in wat die omvang en die betekenis van hierdie geskenke van die Here was, wat ons wel in dankbaarheid en ootmoed kan nalees want God vind dit wel nodig, nie hoe die mens op hierdie gebed gereageer het nie, maar wat wel God se antwoord op Jabes se gebed was. Daarmee is dit ons laaste gedagte-

Dis 'n gebed wat wonderlik verhoor is:

Daarmee het God die mens geëer, terwyl dit ons is wat God moet eer. Tog staan in 1 Kron. 4:9 – *Jabes was meer geëerd as sy broers...* Dis beslis nie Jabes self wat hierdie eer kon bewerk nie, God het hom hierdie eer geskenk. Om van die smarte van sy moeder te moes vorder tot by die eer onder sy broers. Wanneer ons dit hoor, geliefdes, dan moet ons besef hy vorder van smarte na eer, maar Jesus Christus die Een baie groter as Jabes, in sy lewe, wat ook 'n aardse lewe ingesluit het, het hy dit omgekeer ontvang. In die grootste eer, uit sy hemelse heerlijkheid moes Hy na ons kom. Daar kan geen groter eer wees as dit wat Hy Jesus Christus in sy hemelse heerlijkheid gehad het nie. Tog het Hy hierdie eer vir die grootste smarte moes verruil. Hy wat die grootste smarte moes vervul sodat daar eer kan kom vir God se kinders.

Wanneer ons dis hoor van die wonderlike verhoring van Jabes se gebed... En *God het laat kom wat hy begeer het...* Wanneer ons dit hoor dan weet ons vir Jabes was dit ook 'n moeilike pad... die gebed is nie 'n stuk meganisme, iets van 'n kraggereedskap wat eenvoudig kan begin werk sodra dit aangeskakel word nie. So mag ons die gebed nie sien nie, ook nie die gebed van Jabes nie. In die grootste eenvoud word vir ons gesê God het na Jabes gekom, God het hom laat kom wat hy begeer het. Hier is geen vertoonsigtigheid, grootpraterij of hoe mense partykeer selfs die geloof in 'n gespog kan laat ontaard. Niks hiervan nie. Daar word nie gesê hoe groot sy grondgebied toe nou was nie, hoe groot sy oeste toe werklik was nie, hoe geseënd hy werklik was nie, hoeveel vrede en eer het hy inderdaad ontvang nie. Alles weer nie vir ons om te weet nie.

Hier word nie reklame vir die gebed gemaak nie. God is die God van die gewone dinge, ook van die kleinste dinge, wat wel vir ons groot betekenis kan kry. Dit wat God sê is wel heeltemal genoeg. Daar is na Jabes gekom- *God het laat kom wat Jabes begeer het*. Dink nog verder hoe God die gewone dinge, die klein dinge kan gebruik. Die koms van God se Seun was nie in 'n paleis nie, maar in 'n stal, God laat nie deur staatsweë en met groot name en wêreldregering die geboorte van sy Seun aankondig nie, maar dit begin by 'n paar herders in die veld...

In die kom na Jabes moet ons besef die grootste koms wat daar vir ons kon wees, is die koms van Jesus Christus. In en deur Christus se koms en teruggaan na sy hemelse heerlikheid lê ook die koms van die Heilige Gees.

Daarom ons kan dink die Jabes gebed is wonderlik en dit is inderdaad wonderlik, want hy het gedoen wat sy ma nie gedoen het nie. Wonderlik nie soseer in wat hy ontvang het nie, dis wel ook wonderlik, maar die wonder begin waar die gebed begin het, in die besef van God se verbond en God se genade... die wonder lê in die feit dat hy op God vertrou het, dat hy God se verbond deel van sy lewe en sy geloof gemaak het. Dit maak sy gebed wonderlik, nie soseer die resultate daarvan nie.

Jabes het *na* Christus *toe* gebid, ons bid nie na Christus toe nie, ons bid *van* Christus *uit*... Mag u wil bly bid vir die deurwerking van Christus se verlossingswerk in hierdie wêreld. U kan in die Heilige Gees bid... watter voorreg. Ons kan bid in eenvoud en tog die wêreld in

God se grootheid omvat, watter voorreg. Dan staan ons verwonderd, nie net in wat alles geskenk is nie, maar die wonder lê in waar dit alles begin het. 'n Smartekind, 'n droogtekind wat so deur God geëer is.

AMEN